INTERVENSIE EN ONDERSTEUNING

- Intervensie is die proses waardeur leerders wat stoornisse ten opsigte van sekere uitkomstes demonstreer, geïdentifiseer kan word.

- **HMS La Rochelle** ondersteun die Nasionale Onderwysdepartement se beleid t.o.v. inklusiwiteit, maar kan ongelukkig nie altyd daarin slaag om voldoende onderrig vir leerders met fisieke gestremdhede en verstandelike geremdhede aan te bied nie. Ons sal waar moontlik enige leerder ondersteun op ’n wyse wat billik en regverdig is teenoor haar, asook teenoor die res van die leerders.

INTERVENSIEBELEID

- Die eerste intervensie geskied deur die vakonderwyser d.m.v. gesprek met die leerder, brief aan die ouers en/of telefoongesprek met die ouers.
- Bewyse (datums van telefoongesprekke of afskrifte van briewe aan ouers) word aangeteken. 'n Kopie word gehou deur vakonderwysers en 'n kopie word in die leerderprofiel geplaas.
- Indien daar nie ’n positiewe reaksie op die intervensie is nie, word die saak aangemeld by die SGOS-koördineerder (op die beskikbare vorm in die handleiding, asook die bewyse van die vorige intervensies)
- Bespreking van die aangemelde gevalle vind plaas by die volgende personeelvergadering om moontlike insette van ander onderwysers by te voeg.
- Daarna verwys die SGOS-koördineerder die gevalle na die berader vir evaluasie.
- Die berader verskaf die nodige hulp indien die oplossing binne haar jurisdiksie is, anders verwys sy die betrokke geval na ’n privaat sielkundige of die sielkundige by die Distrikskantoor.
- Terugvoering (in beide gevalle onderhewig aan die vertroulikheidseed) aan die SGOS-koördineerder.
- SGOS-koördineerder rapporteer aan die hoof en personeel vir optrede, soos aanbeveel deur die berader/sielkundige.
- ’n Opsomming van al die SGOS-gevalle word deur die berader aan die einde van elke kwartaal aan die hoof gegee vir rekorddoeleindes.

OPVOEDERONDERSTEUNING

KOöRDINEERDER: SKOOL

LEWENSVAARDIGHEDE	VAKGEBIED	GEDRAG
Seksualiteit Dwelms Mishandeling Emosionele probleme: • Berader • Leerling-berader • Alle personeel	Vakkeuse Voorligting Leerprobleme Swak prestasies: • Vakhoofde gee leiding • Watter intervensies is gedoen? • Ondersteuningstrukture vestig	Gedragskode Huiswerk en indien van opdragte Detensiesisteem Prestasies: • Graadhoofde gee leiding • Ondersoek hoë frekwensies

WERKSWYSE:

- Meld probleemgevalle weekliks aan by personeelvergadering
- SGOS vergader 1ste Maandag van elke maand (na personeelvergadering)
- Terugvoer oor optrede by volgende personeelvergadering

VORMS:

- Verwysingsroete
- Skoolsielkundige verwysing
- Selfassessering (leerder)

OPVOEDERONDERSTEUNINGSPAN



PERSONEEL	Inbelsentrum Veilige skole
AKADEMIES	Punte: SIMS-koördineerder Vakkeuse: Voorligtingsielkundige
MEDIES	Distriksgeneesheer Dieetkundige
EMOSIONELE TRAUMA	Voorligtingsielkundige Sielkundige Portuurafrigters, Berader
MAATSKAPLIK	Maatskaplike werker (Kaapse Wynland distrik)
BEROEPSVOORLIGTING	Lewensoriëntering: Wêreld van werk Ontwikkeling van persoonlike portefeuljes vir gr 9 tot 12 Portuurafrigters Voorligtingsielkundige Sielkundige
MEERTYD-LEERDERS	Skoolhoof SGOS-koördineerder SBS Personeel Kaapse Wynland Distrik
VIGSVOORLIGTING	Lewensoriënteringonderwyseresse

ALLE DIENSVERSKAFFERS IS ONDERHEWIG AAN GOEDKEURING DEUR DIE SKOOLHOOF EN BEHEERLIGGAAM

PEER COACHES

- The core purpose of Peer Coaching is to assist learners with their long term personal, academic and career development. In the process the students may have varying needs that have to be addressed through a range of counselling interventions.

BERADER

- Ondersteun leerders in hul persoonlike, akademiese en beroepsontwikkeling en verwys probleemgevalle na toepaslike sielkundige/maatskaplike werker.

ANDER VORMS VAN INTERVENSIE EN ONDERSTEUNING

- Graad 8-leerders met syfer- en taalvaardigheidsagterstande word aan die einde van die eerste kwartaal geïdentifiseer. Ekstra hulp word aangebied in die vorm van ekstra syfer- en taalvaardigheidsklasse

- Ekstra klasse word vir graad 12-leerders aangebied op Dinsdagaande.

- Oueraande een keer per kwartaal bied geleentheid aan onderwysers om met ouers te kommunikeer.

- Briewe aan ouers lig hulle in oor die stand van die leerder se akademie gedurende die kwartaal.

- Rapporte is ook ’n vorm van intervensie.

- Ouers doen aansoek om vakveranderings by SOBIS-koördineerder volgens instruksies van WKOD (sien 3.3). Sodra bevestiging vanaf WKOD ontvang word, word inligting aan betrokkenes deurgegee. Hierdie veranderings word ook in die leerderprofiel aangeteken.

IDENTIFISERING EN ONDERSTEUNING VAN HOë-RISIKO LEERDERS

Kan deur vakonderwyser/graadhoof gedoen word:

- Vakonderwyser identifiseer moontlike hoë-risiko leerders na die eerste toetse. Vul die LOS-vorm in en handig in by SGOS-verteenwoordiger met voorbeelde van toetse of ander relevante werk.
- Tydens puntebesprekings besluit personeel saam met graadhoof of intervensie op daardie oomblik nodig is. Indien wel, is die volgende stappe van toepasing:

    - Kommentaar op rapport
    - Meld aan by LOS op vorm in personeelhandleiding met bewyse van probleme met akademie (by vakonderwysers)
    - Na gesprek met LOS, word ’n brief aan die ouers gepos waarin die probleem omskryf word. Vir Gr.8- en 9-leerders word ekstra wiskunde- en/of taalklasse aanbeveel. By Gr.10-12 word ekstra klasse aanbeveel.
    - Graadhoof bel ouers om in te lig dat daar ’n brief op pad is en verduidelik die agtergrond. Onder aan die brief is ´n vorm wat ouers moet teken en waarop hulle kommentaar kan lewer. Graadhoof teken datum van gesprek en inhoud daarvan op die LOS-vorm aan en plaas in die leerderprofiel.
    - By die puntebespreking van die Junie-eksamen word die betrokke leerder se vordering opgevolg. Graadhoof, registerpersoneel en LOS besluit op volgende stappe.
    - Indien LOS en graadhoof so voel, word ’n gesprek tussen skoolhoof en ouers aangevra.
    - Indien leerder geen of min vordering toon, word die leerder verwys na die DISTRIKSKANTOOR of ’n ander kundige vir verdere toetse en verslae.
    - Die LOS besluit dan of die leerder as ’n hoë-risiko leerder geklassifiseer word. Indien wel, word dit by die DISTRIKSKANTOOR aangemeld vir verdere optrede.